# Ruach Bediening Nuusbrief



## Februarie 2026

## Sarel en Gerda Reinecke

### In hierdie Nuusbrief


1. Gedagte vir die maand ..... 2
2. Gebedsterapie sessies ..... 2
3. Getuienisse ..... 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ..... 3
   a. Verkoper ..... 3
   b. Die asma seun ..... 3
   c. Wie op aarde kan 'n liefdesbrief soos hierdie skryf? ..... 4
5. So terloops ..... 5
   a. Toe winkels nog toonbanke gehad het ..... 5
   b. En toe baklei ons ..... 5
   c. Twee boeties ..... 6
   d. Simfonie van vreugde ..... 7
6. Beplanning vir volgende maande ..... 7
7. Bybelskool ..... 8
8. Afsluiting: Pray for South Africa ..... 8
9. Afsluitings gedagte en Gebed ..... 9

## 1. Gedagte vir die maand




### Jesaja 41:10

Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.



## 2. Gebedsterapie sessies

| | |
|---|---|
| 23 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 1 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 24 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 0 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 24 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 0 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 72 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening: (Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**Getuienis 1:** Ons het fisiese wonderwerke gesien en ook wat ons glo, nog in plek gaan skuif. Sarel het ook vir my kleinkind gebid, haar voete in sy hande geneem en sowaar, 'n half cm langer as die ander voet en woeps, daar skuif die korter been in plek. Loof die Here.
Ook haar alignment, het in plek gekom, groot getuienis, want sy het heelwat beserings gehad in daardie area.

Daar is vir my man gebid vir genesing, vir 'n drop voet, wat hy gehad het en ek het fisies gesien hoe die voet homself align om in posisie te kom, nog nie die resultate gesien nie, maar ons GLO dis in plek. Soos die melaatses.

Hy het vir my rug gebid. Ek het gestaan en hy het op die schiatica spier sy hand gesit en my hele liggaam het begin draai, asof hy iets wou uit draai en toe weer terug. Genees! Loof U Here.
Ook gebid vir ons calling by die aftree oord. Die gesig was: dit soos 'n beursie, vol muntstukke, wat toe gehou is, sodat dit nie moes uit kom en help nie. Dis die gesig wat ek nou gesien het.

Ek is sommer stil vanmidddag. Ek kry toe Joh 4 "I am He" het Hy vir die Samiritaanse vrou gesê. Vir my en my man, sê Hy ook "I am He" wat genees in JESUS NAME, GLORY!

**Getuienis 2:** Dankie oom Sarel ek waardeer elke droom wat oom vir my uit gelê het dit is wonderlik om terug te gaan en sien hoe die ware Jesus my bemoedig en my help en hoe ek in geloof groei. Ek sou nie so ver gekom het sonder oom Sarel se ondersteuning nie ek waardeer dit opreg baie.

**Getuienis 3:** Ek wil ook net sê dankie vir jou gebede. Ek slaap nou tot 6 uur word nie meer 3 uur in die oggend wakker nie. Ons sal ook aan jou dink in ons gebede.

**Getuienis 4:** Thank you very much for your prayers, they did work. One man today, he paid me Rxxxx. Your prayers is so powerful testimony. Thank you very much moruti Sarel and God bless you. He paid Rxxxx into my bank account this afternoon.

**Getuienis 5:** Hallo Sarel, baie dankie vir laas week, het regtig gevoel daar is 'n draai punt in als, veral van Saterdag / Sondag se kant af.

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes

### a. Verkoper




'n Verkoper by die jaarlikse kermis het vir Mavis 'n gratis Gideons Bybel gegee. Sy het dit in haar handsak gesit en daarvan vergeet. Later, toe sy huis toe stap, het 'n kar langs haar verskyn en het die bestuurder 'n geweer op haar gerig en haar beveel om in die kar te klim.

Sy skryf: 'Hy het langs die pad afgetrek en my op die sitplek probeer neer dwing. Ek het met hom gestoei, 'n skoot gehoor en 'n skerp pyn in my sy gevoel. Ek het inmekaar gesak, en die man het na my toe gestap, my beursie gevat, my handsak na my kop gegooi en geskiet. Ek het 'n verskriklike impak gevoel.

Steeds by my bewussyn, het ek hom hoor wegry en het ek na die naaste plaashuis gestrompel. Die vrou het die polisie gebel en terwyl ek na die hospitaal gehaas is, het die polisie die net om die bedwelmde bestuurder wat my aangeval het, stywer getrek.

Voor die operasie om die koeël uit my sy te verwyder, het my suster my kom sien. 'Weet jy wat jou lewe gered het?' het sy gevra? Sy het die Bybel wat in my handsak was vir my gegee. 'n Koeël het in die Bybel vasgesit, met sy punt wat presies by Psalm 37:14- 15 gestop het: 'Die goddelose trek die swaard... om hulle wat reg doen dood te maak. Maar hulle swaard sal hulle eie hart deurboor en hulle boog sal stukkend gebreek word.'

Nog 'n voorbeeld hoe God altyd een tree voor jou bly: 'Verseker sal Hy jou red... en onder sy vlerke sal jy skuil; sy trou sal jou beskerm soos 'n skild... Want Hy sal sy engele beveel om jou op al jou weë te beskerm... Hy wat my Naam ken, sal Ek beskerm' (Psalm 91:3-4, 11, 14 NLV).

### b. Die asma seun

Dit was ongeveer 8uur toe haar seun wat asma het komplikasies begin ontwikkel het. Die naaste hospitaal was ongeveer 1 km weg en sy het geweet sy sou hom baie vinnig daar moes kry anders sou dit te laat wees. Sy het haar buurman geskakel want hy het 'n motor, maar ongelukkig kon hy nie help nie, volgens hom het die motor sonder petrol gestaan.

Desperaat het sy die predikant geskakel, maar hy het haar meegedeel dat hy besoekende predikers van die VSA het en dat dit nie vir hom moontlik sou wees om hulle nou alleen te laat nie.

Sy was desperaat en het besluit om haar seun op te tel en hom na die hospitaal te dra, sy het nie kans gesien om haar kind te verloor nie. Die herinneringe aan haar man wat ook aan asma gesterf het was nog vars in haar geheue, en sy wou nie weer deur daardie pyn gaan nie.

Sy het probleme met haar been gehad, en kon glad nie vinnig beweeg nie, en haar seun was baie swaar. So vinnig as wat sy kon het sy aangesukkel hospitaal toe, desperaat om hierdie kind se lewe te red.

Op pad het sy mense tee gekom wat op pad huis toe was van die werk af, sy het hulle gesmeek om haar te help maar hulle het haar net snaaks aangekyk en toe maar weer op hulle pad verder gegaan.

Langs die pad het sy probeer om voertui te stop om haar te help, maar sonder enige sukses. Menige keer het die gewig van haar seun haar laat stuikel, maar dan het sy maar net weer opgestaan en aangestrompel.

Toe sien die "mal" straatloper haar, hy was berug daarvoor dat dat hy die strate bewandel het. Nie altyd baie skoon nie, en nie altyd aangenaam om naby jou te hê nie. Hy het aangehardloop gekom en haar seun by haar oorgeneem, sy was so uitasem sy kon nie praat nie, en het net met haar vinger in die rigting van die hospitaal gewys. Hy het afgekyk na die seun, die hortende asemhaling gehoor, vir die moeder gesê alles sal reg wees, die seun oor sy skouer gegooi en na die hospitaal begin hardloop.

By die hospitaal het die nood personeel die "mal' man gesien, die seun by hom geneem en dadelik mediese hulp toegepas. Toe die moeder 'n rukkie later by die deur ingestorm kom het die dokters vir haar gesê hulle was net betyds, as dit 5 minute later was, was haar seun dood.

Die Here gebruik die wat beskikbaar is om Sy kinders te help. Die buurman met sy groot motor was nie beskikbaar nie. Die predikant met sy belangrike besoekers was nie beskikbaar nie, die voetgangers was te haastig, en die ander voertuie se eienaars het nie genoeg belang gestel om te help nie.

Dit maak nie saak watter probleem jou pad langs kom nie, God sal altyd iemand he wat jou te hulp sal snel, miskien nie altyd wie ons verwag nie, nie altyd wie ons vertrou nie, maar God het altyd iemand op bystand vir Sy kinders.

Volgende keer as daar 'n probleem is, moenie eers rondskakel en 'n oplossing probeer kry nie, God het alreeds iemand in gedagte wat jou kan help, praat met Hom eerste.

## c. Wie op aarde kan 'n liefdesbrief soos hierdie skryf?




My geliefde...

- ♥ Ek weet alles van jou af... Psalm 139:1.
- ♥ Ek weet wanneer jy gaan sit en wanneer jy opstaan... Psalm 139:2.
- ♥ Ek is bekend met alles wat jy doen... Psalm 139:3.
- ♥ Selfs die hare op jou kop is getel... Matteus 10:29-31.
- ♥ Want, jy is gemaak na My beeld... Genesis 1:27.
- ♥ In My leef, beweeg jy en bestaan jy... Handelinge 17:28.
- ♥ Ek het jou uitverkies... Johannes 15:16.
- ♥ Ek het jou geken nog voor jou moeder swanger was met jou... Jeremia 1:5.
- ♥ Ek het jou gevorm in jou moeder se skoot... Psalm 139:13.
- ♥ Jy is mooi en wonderlikbaarlik geskep... Psalm 139:14.
- ♥ Ek help jou van jou geboortedag af... Psalm 71:6.
- ♥ Jy was nie 'n fout nie, want al jou dae is in My boek opgeskryf... Psalm 139:16.
- ♥ Ek is lief vir jou en Ek is die volle uitdrukking van liefde... 1 Johannes 4:16.
- ♥ Jy is My kind. Dit is My begeerte om My liefde aan jou te wys... 1 Johannes 3:1.
- ♥ Jy is My kind, Ek is jou Vader, Ek wil goed wees vir jou... Matteus 7:11.

❤ Want Ek is die volmaakte Vader... Matteus 5:48.
❤ Elke goeie geskenk wat jy ontvang, kom van My... Jakobus 1:17.
❤ Want Ek is jou voorsiener en weet wat jy nodig het... Matteus 6:31-33.
❤ Ek wil vir jou 'n toekoms vol hoop gee... Jeremia 29:11.
❤ Want, ek het jou lief met 'n ewige liefde... Jeremia 31:3.
❤ My gedagtes aan jou is ontelbaar soos die sand van die see... Ps. 139:17-18.
❤ Ek jubel en juig oor jou... Sefanja 3:17.
❤ Ek sal nooit ophou om goed aan jou te doen nie... Jeremia 32:40.
❤ Want jy is my kosbare besitting... Eksodus 19:5.
❤ Ek begeer om jou gevestig en gelukkig te sien... Jeremia 32:41.
❤ En ek wil vir jou vertel van groot en wonderlike dinge... Jeremia 33:3.
❤ As jy My met jou hele hart soek, sal jy My vind... Deuteronomium 4:29.
❤ Vind jou vreugde in My en Ek sal vir jou gee wat jou hart begeer... Psalm 37:4.
❤ Want, Ek gee jou die begeerte om My tevrede te stel... Filippense 2:13.
❤ Ek is in staat om baie meer vir jou te doen as wat jy jou kan voorstel... Efesiërs 3:20
❤ Want, Ek is jou grootste bemoediger...2 Tessalonisense 2:16,17.



## 5. So terloops ....

### a. Toe winkels nog toonbanke gehad het

Hierdie is n ou storie toe winkels nog toonbanke gehad het en alles in rakke agter die toonbank gepak was en die oom van die winkel en sy vrou die negosie goedjies aangegee het. Die niggerballs, vrypeppermente, ouderlingpilletjies, bokdrolletjies en ander lekkers was in sulke groot glasbottels gesit. Vir n plaaskjint wat een maal n week of een maal n maand by n winkel uitgekom het was hierdie lekkers in die bottels erg. Jy was so geskok deur die heerlikheid dat jy skoon vergeet het om te kwyl.

Tot die ouderdom van drie- of vierjaar het jou pa of ma jou op die toonbank gelaai en kon jy skaamteloos na die gebottelde heerlikheid kyk. Die bottels was soos doringdraad, dit het beskem, maar nie die uitsig belemmer nie. Jy kon jou hand op die bottels sit en droom.

Wanneer een van jou ouers vir jou lekkers koop het die oom vooraf geskeurde, volgens n spesifieke grote, koerantpapier wat in n hopie langs die bottels gele het behendig een opgetel en net so behendig n kardoesie gedraai en met n skoppie die lekkers daarin gesit.

Eendag sit n drie jarige knapie op die toonbank en staar kwylend na die oorvloed heerlikheid. Die oom sien dit en se hy kan vir hom n handjie niggerbals kry. Die mannetjie sit sy handjies agter sy ruggie en kyk verlangend na die niggerbals. Die oom maak weer die offer, maar die mannetjie se niks en staar, handjies agter sy rug, na die oorvloed. Einde ten laaste steek die oom sy hand in die bottel en haal die niggerbals uit. Die seuntjie hou altwee sy handjies bak sodat die oom die lekkers in sy bakhande kan sit. Die seuntjie sit dankie vir die oom en sit dadelik een in sy mond.

Toe hulle buite die winkel is vra sy ma vir hom hoekom het hy nie self die lekkers uit die bottel gehaal nie.




Seuntjie: "Die oom se hand is groter as myne."

### b. En toe baklei ons ...

Een jaar koop ek vir my skoonma ñ plot in die begraaf-plaas vir haar verjaardag. Die volgende jaar koop ek niks. Toe sy wil weet waar's haar geskenk sê ek: "Maar ma het dan nog nie eens laas jaar s'n gebruik nie." En toe baklei ons.

Ek vat my vrou Spur toe.
Die waiter vra wat ek wil hê.
"Ek sal rump steak neem, rare, asseblief." Hy vra of ek nie vir mal-koei bang is nie.
"Nee, sy kan self vir haar bestel wat sy wil hê." En toe baklei ons.

By ons hoërskool reünie kyk my vrou kort-kort vir ñ dronk ou wat alleen by ñ tafel sit en drink.
"Ken jy hom?" vra ek. "Ja," sug sy. "Hy was my ou kêrel. Hy het blykbaar begin drink net nadat ons destyds uitmekaar is, en hy het sedertdien nog nie opgehou nie." "Magtag!!" sê ek, "Wie sou nou kon dink dat hy dit so lank sou vier?" En toe baklei ons.

Toe ons grassnyer breek, hou my vrou aan kerm en kla dat ek die ding moet laat regmaak. Maar ek is ñ besige man en daar is net altyd belangriker goed om te doen. Soos rugby en krieket op die tellie. My boot wat moet reggemaak word. Visvang ens... Tot sy eendag slim word en probeer om haar punt te maak. Toe ek by die huis kom is sy besig om die gras met haar kombuisskêr te knip. Ek het lank na die poging staan en kyk. Toe gaan haal ek maar ñ tande-borsel en sê vir haar: "As jy klaar is kan jy sommer die oprit ook vee."
Die dokter sê ek sal weer kan loop, maar gaan ñ permanente waggel in my stappie hê.

My vrou sit langs my terwyl ek kanale wissel op die tellie.
Sy vra: "Wat is op die TV?
Ek se "Stof." En toe baklei ons.

Ek staan Saterdagoggend vroeg op. Ek wil gaan visvang, maar toe ek uit die garage ry sous dit behoorlik. Ek sit die motorradio aan en hoor op die weervoor-spelling dat dit die hele naweek gaan reën. Ek sluip toe maar terug in die huis in, kruip styf agter mammie se blad in en fluister: "Die weer is bitter sleg daar buite." "Ja," antwoord sy, "en om te dink my simpel man het in dié weer gaan visvang." En toe baklei ons.

My vrou skimp dat sy iets blink, wat 0 tot 200 in 3 sekondes haal, vir ons huweliksherdenking wil hê... toe koop ek vir haar ñ badkamerskaal. En toe baklei ons.

## c. Twee boeties

TWEE BOETIES GAAN STAP
IN DIE VELD MET HULLE HONDJIE.
SKIELIK HARDLOOP DIE HONDJIE
TUSSEN 'N KLOMP BOME IN.
HULLE ROEP EN ROEP, MAAR HY
KOM NIE TERUG NIE. DIS DONKER
TUSSEN DIE BOME EN DIE BOETIES
IS TE BANG OM DIE HOND TE
GAAN SOEK.
"WAT GAAN ONS DOEN?"
VRA DIE OUBOET.
DIE KLEINTJIE DINK 'N BIETJIE
EN SÊ: "KOM ONS GAAN HAAL
VIR OUMA!"
"HOEKOM?" WIL OUBOET WEET.
KLEINBOET: "WANT PA SÊ ALTYD
OUMA KAN 'N HOND
UIT 'N BOS UIT PRAAT!"

## d. Simfonie van vreugde




## 6. Beplanning vir volgende maande

| MIDDELBURG | | NYLSTROOM | | DELMAS | |
|---|---|---|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | | Om afspraak te reël in Nylstroom, kontak vir **Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** | |
| **2026** | | **2026** | | **2026** | |
| 6 & 7 | Februarie | 26 & 27 | Februarie | 23 | Februarie |
| 6 & 7 | Maart | | Maart | 30 | Maart |
| 10 & 11 | April | 23 & 24 | April | 20 | April |
| 8 & 9 | Mei | 21 & 22 | Mei | 18 | Mei |
| 12 & 13 | Junie | 18 &19 | Junie | 22 | Junie |
| 10 & 11 | Julie | 23 & 24 | Julie | 20 | Julie |
| 7 & 8 | Augustus | 20 & 21 | Augustus | 17 | Augustus |
| 4 & 5 | September | 10 & 11 | September | 21 | September |
| 2 & 3 | Oktober | 29 & 30 | Oktober | 26 | Oktober |
| 6 & 7 | November | Geen Besoek | November | 23 | November |
| Geen Besoek | Desember | Geen Besoek | Desember | Geen besoek | Desember |

## 7. Bybelskool




Kontak sfb.kantoor@gmail.com indien jy die Bybelskool **online** wil bywoon elke Sondag.

Registrasie vir **2026** sluit **15 Januarie 2026.**

## 8. Afsluiting: Pray for South Africa

It is becoming vital for us to pray that South Africa remains *rooted in the truth of Christianity!* ✝️👑

Pray as the Holy Spirit leads – some points to consider:

1. Pray for radical *revival* amongst Muslims in SA, that God will bring them to the *truth* of the Gospel. Pray this for Muslims in your town and "Muslim suburbs" in your area.

2. Pray for every SA leader – that God will reveal to them the realities of the Islamic agenda, and that they will lead by the guidance of the Holy Spirit.

3. Pray for the Lord to intervene in any agendas that will be contrary to His will in SA's governmental affairs, national policies and lawmaking.

4. Pray for South Africa to lead according to God's blueprint rather than increasing alignment with Islamist regimes.

5. Pray that God will expose the activities of organizations such as *ISIS* in South Africa.

6. Keep praying for *religious freedom* in SA!

7. *Declare* that South Africa will stay faithful to the Lord Jesus Christ and *will never serve another god* . Let us declare in the same way as Joshua (24:15) "but as for us and our country, we will serve the Lord!" ✨🌍✨

## 9. Afsluitings gedagte en Gebed

**Lukas 12:22 Verder het Jesus vir sy dissipels gesê: "Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie.**

Vrees, nee ek het nie gepraat van beplanning nie. Vrees, beteken dat alles rondom jou stilstaan, want dit steel tyd, geleenthede en 'n groot deel van jou lewe. Vrees, laat jou perspektief verloor! Vrees steel jou lewe! Ja, ons moet beplan, maar nie sonder die Heilige Gees nie. Jakobus 1:5 gee God ons 'n wonderlike belofte: Elkeen wat vra. Dit beteken dat God aan elkeen wysheid gee, wat daarvoor vra. God is so 'n geweldige genadige God en vol van oneindige liefde vir ons. Niemand van ons weet wat die toekoms gaan inhou nie, maar wel God. Is dit nie beter om 'n onbekende toekoms aan 'n bekende God oor te laat nie? Vra vir wysheid! Jy moet dit beslis doen! Jy het dit nodig vir elke aspek van jou lewe! Ek en jy mag nie daarsonder nie! Dit is van kardinale belang!

**Liefdevolle, genadige Abba, dankie Here vir U kosbare en wonderlike liefde vir ons. Here, ons het U so nodig, elke oomblik en elke dag van ons lewens. Here, ons vra vandag vir wysheid in elke aspek van ons lewens, volgens Jakobus 1:5. Vader, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In Naam van Jesus my Verlosser. Amen**

Baie seëninge vir julle almal – Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God

